

# INFORMELE ASSESSERING

# COVID-19

## Memorandum

\* Maklik

\*\* Gemiddeld

\*\*\* Uitdaging

A. Jou juffrou gaan die storie saam met jou lees. Luister mooi en lees saam met jou juffrou en beantwoord die vrae.

### Dra van maskers

Maskers is ongemaklik, maar ons moet dit dra om onself en ander te beskerm.

Ons hoef nie by die huis maskers te dra nie. Net as ons winkels toe, skool toe of na enige ander plek gaan.

Selfs al dra ons maskers moet ons 1,5 meter van ander maats af staan. Ons moet gereeld ons hande was of hand ontsmetting gebruik.

'n Masker beskerm ons teen die virus wanneer ander mense hoers of nies.

Dit is snaaks om nou altyd maskers te dra, maar ons kan en dit is OK.

(Vervat en verwerk vanaf [www.autismlittlelearners.com](http://www.autismlittlelearners.com))

1. Waarom dra ons maskers, al is dit ongemaklik? \*\*

**Dit beskerm ons en beskerm ander mense.**

2. Noem die plekke waar ons nie maskers hoef te dra nie. \*

By die huis

3. Wanneer moet ons maskers dra? \*

Wanneer ons winkels toe of skool toe gaan of na enige ander plek.

4. Al dra ons maskers is daar nog 2 goed wat ons moet doen as ons winkels toe of skool toe gaan. Noem die 2 goed wat ons moet doen. \*\*

Staan 1,5 meter weg van ander maats

Was jou hande of gebruik hand ontsmetting

5. Vul die ontbrekende woorde in om die sin te voltooi. \*

'n Masker **beskerm** ons teen die **virus** wanneer ander mense **nies** of **hoes**.




6. Hou die kind wat die storie vertel van masker dra? Gee 'n rede vir jou antwoord. \*\*\*

Nee, die kind hou nie daarvan nie. Hy/sy voel dit is ongemaklik en voel snaaks.

B. Kyk na die prent oor die COVID-19 held.  
Dink oor die volgende en skryf 5 sinne  
oor iemand wat vir jou 'n COVID-19 held  
of heldin is.

- Wie is vir jou 'n COVID-19 held of heldin?
- Wat doen die held of heldin?
- Hoekom dink jy is hy/sy 'n held of heldin?
- Wat kan jy doen om ook 'n held of heldin te wees?



			
Leestekens	Die leerder het goeie gebruik gemaak van leestekens.	Daar was hier en daar leestekens.	Die leerder het min tot geen leestekens gebruik nie.
Sinskonstruksie	Die leerder het sinvolle sinne geskryf met goeie sinskonstruksie.	Die leerder het hier en daar sinvolle sinne geskryf met redelike sinskonstruksie.	Die leerder het nie sinvolle sinne geskryf nie.
Spelling	Die leerder het min tot geen spelfoute gemaak nie.	Die leerder het baie spelfoute gemaak maar skryfstuk is leesbaar.	Die leerder het baie spelfoute gemaak en skryfstuk is omtrent onlesbaar